

Wees vandag bly want die Here het oorwin

Debora sing 'n pragtige lied oor die oorwinning van die Here oor Jabin en die vyand van die volk. Die geveg is verby, die oorwinning behaal en hulle is nou weer vry. Daar is vrede in die land en die eer kom die Here alleen toe. In die lied skemer egter ook 'n valse noot deur. Nie al die stamme van Israel wou aan die geveg deelneem nie. Ruben, Dan en Aser wou nie saam veg nie. Hiermee openbaar die mens sy onwilligheid en onvermoë om homself te verlos. Daarteenoor besit God alle mag om die oorwinning te behaal en is Hy nie afhanklik van die mens nie. Dit blyk uit die feit dat die Here 'n reënbus beskik het om Sisera se strydwaens te neutraliseer. In haar digterlike vryheid wys Debora daarop dat Hy selfs die sterre gebruik het om vir sy volk te veg.

Daarom moes Christus ook kom om namens ons en in ons plek die straf vir ons sonde te dra en die duiwel te oorwin. Dit het Hy gedoen deur mens te word en dwarsdeur sy lewe met Goddelike krag die duiwel teë te staan. Uiteindelik het Hy deur sy kruisdood en opstanding oorwin. Sy oorwinning word duidelik as Hy sy sending voltooi en opvaar na die hemel om daar aan die regterhand van God te sit en oor die wêreld te regeer.

Daarom kan ons ook vandag, met die herdenking van sy Hemelvaart, bly wees. Die stryd is vir ons gestry en Christus het oorwin. Nou is ons vry van ons sonde en is daar vrede vir hulle wat in Christus glo. Laat daarom nie net vandag nie maar jou hele lewe 'n danklied aan die Here wees.

Sing: Psalm 31:1

Ds P Venter (Rustenburg-Wes)